Please fill in using BLOCK LETTERS
SUBMIT BEFORE OR ON
**1 AUGUST 2026**

jongensmark@gmail.com

Vul die vorm asseblief in BLOKSKRIF in
HANDIG IN VOOR OF OP
**1 AUGUSTUS 2026**

# CHRISTMAS MARKET APPLICATION
# KERSMARK AANSOEKVORM

YES | NO

1 | 2

YES | NO

I, the undersigned, undertake to absolve the organisers of any claims that may arise from any direct or indirect damages / losses / injuries caused by theft / fire / *vis major casus fortiutus* or any other cause.
In the event of cancellation or postponement of the market for reasons beyond the control of the organisers, I shall not hold them responsible for any loss of expected income or other damages resulting therefrom.

I hereby acknowledge that I have read and understood the terms and conditions provided in this document and agree to all of the terms.

Ek, die ondergetekende, onderneem om die organiseerders kwyt te skel van enige eise wat mag ontstaan uit direkte of indirekte skade / verlies / beserings, meegebring deur diefstal / vuur / *vis major casus fortiutus* of enige ander oorsaak.
In die geval van kanselering of uitstel van die mark weens oorsake buite die beheer van die organiseerders, onderneem ek om hulle nie verantwoordelik te hou vir enige verlies aan verwagte inkomste of ander skade as gevolg daarvan nie.
Ek het die inligtingstuk deeglik deurgelees en aanvaar die voorwaardes wat daarin vervat is.

Use your NAME & SURNAME as provided above as the payment reference.
Send proof of payment to:
jongensmark@gmail.com

**BANKING DETAILS**
JONGENSFONTEIN INWONERSVERENIGING
NR. 253 201 6760
NEDBANK LIMITED
SAVINGS ACCOUNT
BRANCH NO. 198765

Gebruik u NAAM & VAN soos ingevul hierbo as betalingsverwysing.
Stuur bewys van betaling na:
jongensmark@gmail.com

# CHRISTMAS MARKET TERMS & CONDITIONS
# KERSMARK VOORWAARDES

Dear applicant,
The **JIV KERSMARK** is a unique in that it promotes sales of mainly handmade articles.

## CRITERIA FOR SELECTION

- PREFERABLY ENTREPRENEURS WITH PRIMARILY HANDMADE ARTICLES.
- QUALITY AND CHOICE OFFERING OF PRODUCTS.
- REASONABLY PRICED.

## CONDITIONS

- **Sufficient stock** for the day.
- **ONLY** pre-approved articles, in other words, products for which application has been made on the item list. The pre-approved products **must be** available at the market.
- Any **changes** to the product-list should be cleared with the JIV Kersmark organisers.

The focus of our market is on Christmas gifts and therefore we endeavour to offer a wide variety of articles.

## IMPORTANT INFORMATION

**1. DATE & TIME:**
Saturday 19 December 2026, 08:00 – 15:00
Installation of stalls before 8am.

**2. PLACE:**
The lawn adjacent to the Jongensfontein main beach, opposite the campsite.

**3. APPLICATION AND SELECTION:**
- Applications close on 1 August 2026.
- The exhibition products are subject to selection, which will be based on photo-submissions
- To apply, please send a single email (to simplify administrative procedures) containing the following:
  - ☐ duly completed and signed application form
  - ☐ photos of various products / product-types
  - ☐ provisional item list

The selection results will be made known by 15 October 2026 by email.
No reasons will be given for the refusal of an application.

**4. REGISTRATION:**
The registration fee for approved applications is R350 per 3mx3m stall space.
The full amount is payable as soon as you have received the approval of your application, and no later than 31 October 2026.

BANKING DETAILS:
JONGENSFONTEIN INWONERSVERENIGING
NEDBANK LIMITED
BRANCH NO. 198765
SAVINGS ACCOUNT NR. 253 201 6760

- ☐ Use your NAME & SURNAME <u>as provided on the application form</u> as the **payment reference**.
- ☐ Send proof of payment to **jivjongens@gmail.com**.
- ☐ **<u>No late payments will be accepted</u>**
- ☐ **Cancellations made before 15 November 2026 qualify for a refund**

Beste aansoeker,
Die **JIV KERSMARK** is uniek in die opsig dat hoofsaaklik handgemaakte atikels te koop aangebied word.

## KEURINGSKRITERIA

- VERKIESLIK ENTREPRENEURS MET HOOFSAAKLIK **HANDGEMAAKTE** ARTIKELS
- **KWALITEIT** EN KEURIGE AANBIEDING VAN PRODUK
- **BILLIK** GEPRYS

## VOORWAARDES

- **Voldoende voorraad** vir die dag.
- **SLEGS** vooraf goedgekeurde artikels, m.a.w. produkte waarvoor aansoek gedoen word op die itemlys. Dit waarvoor daar aansoek gedoen is moet op markdag beskikbaar wees.
- Die JIV Kersmark organiseerders moet in kennis gestel word van enige **veranderings** in die produktelys.

JIV KERSMARK se fokus is op kersgeskenke, daarom poog ons om 'n wye verskeidenheid van artikels aan te bied vir verkope.

## BELANGRIKE INLIGTING

**1. DATUM & TYD:**
Saterdag 19 Desember 2026, 08:00 – 15:00.
Opstel van stalletjies voor 8am.

**2. PLEK:**
Die grasperk naas Jongensfontein se hoofstrand, regoor die kampeer terrein.

**3. AANSOEKE EN KEURING:**
- Aansoeke sluit 1 Augustus 2026.
- Stalletjiehouers se produkte is onderhewig aan keuring wat gegrond word op die foto's wat ingedien word.
- Om aansoek te doen, stuur asb slegs een epos (om die administrasie proses te vergemaklik) wat die volgende bevat:
  - ☐ volledig ingevulde en getekende aansoekvorm
  - ☐ foto's van verskillende produkte / produkte-tipes.
  - ☐ voorlopige itemlys

Keuring uitslag word teen 15 Oktober 2026 per e-pos bekend gemaak.
Geen redes sal verskaf word vir die afkeur van aansoeke nie.

**4. REGISTRASIE:**
Die registrasiefooi vir gekeurde aansoeke beloop R350 per 3mx3m stalruimte.
Die volle bedrag is betaalbaar na ontvangs van die epos wat u deelname bevestig, en nie later nie as 31 Oktober 2026.

BANKBESONDERHEDE:
JONGENSFONTEIN INWONERSVERENIGING
NEDBANK LIMITED
TAKKODE 198765
SPAAR REKENING NOMMER 253 201 6760.

- ☐ Gebruik u NAAM & VAN <u>soos aangedui op die aansoekvorm</u>, as **inbetalingsverwysing**.
- ☐ Stuur bewys van betaling per e-pos na **jivjongens@gmail.com**.
- ☐ **<u>Geen laat betalings sal aanvaar word nie.</u>**
- ☐ **Kansellasies voor 15 November 2026 kwalifiseer vir 'n terugbetaling.**

**5. PARKING**

No vehicles belonging to stallholders may be parked in the public parking areas at the market.
Stallholders may temporarily use the public parking area to unpack their stock before the start of the market. Afterward, and before 7:30, all vehicles must be moved to the allocated parking space next to Seesig Supermarket, expressly reserved for stallholders.
A parking label will be attributed to each stallholder on the day of the market.

**6. INSTALLATION & DISASSEMBLY**

- All stalls should be unpacked and ready by 7:30.
- Stalls may not be disassembled before 15:00.
- The stall spaces are available to stallholders for the entire day and therefore may remain as long after 15:00 as may seem profitable to the stallholder.
- Stall spaces must be clean upon departure.
- Each stallholder is responsible for the unique content and display of their stall space. A tastefully decorated stall space contributes toward the success of the sales.

**7. ADVERTISING**

The JIV KERSMARK will be promoted on various supports. Please "like" and "share" any posts that you may see on social media.

For additional information, please contact us :
jongensmark@gmail.com / 072 481 5100

We are looking forward to meet our stallholders!

Friendly Fountain Christmas-market greetings,

Hannelie Verster
MARKET ORGANIZER

**5. PARKERING**

Geen stalletjiehouer se voertuig mag op die publieke parkeer ruimtes by die mark parkeer word nie.
Stalletjiehouers mag voor aanvang van die mark tydelik van dié ruimte gebruik maak om voorraad uit te pak. Daarna, en voor 7:30, moet alle voertuie verplaas word na 'n geallokeerde parkeer ruimte langs Seesig Kafee, wat vir stalletjiehouers reserveer word.

'n Parkering etiket sal op die dag van die mark aan elke stalletjiehouer voorsien word.

**6. UITPAK EN OPRUIM**

- Alle stalletjies moet teen 7:30 uitgepak en gereed wees.
- Stalletjies mag nie voor 15:00 opgepak word nie.
- Die stalletjie ruimte is vir die hele dag tot die stalletjiehouer se beskikking en mag daarom enige tyd na 15:00 opgepak word volgens die stalletjiehouer se diskressie.
- Stalletjie ruimtes moet skoon agtergelaat word.
- Elke stalletjiehouer is verantwoordelik vir die unieke inhoud en voorkoms van hul stalletjie ruimte. 'n Smaakvolle dekor dra by tot die sukses van verkope.

**7. REKLAME**

Daar sal wyd reklame gedoen word vir die JIV KERSMARK. Onthou asseblief om enige advertensies te "like" en "share" oral waar u dit op sosiale media sou teenkom.

Vir enige verdere inligting, kontak ons gerus:
jongensmark@gmail.com / 072 481 5100

Ons sien daarna uit om ons stalletjiehouers te ontmoet!

Vriendelike Fontein Kersmarkgroete,

Hannelie Verster
MARK ORGANISEERDER

JIV KERSMARK 2026 : PROVISIONAL / VOORLOPIG

NAME / NAAM: STALL NO:

| ITEM NO | ITEM DESCRIPTION / BESKRYWING |
|---|---|
| 1 | |
| 2 | |
| 3 | |
| 4 | |
| 5 | |
| 6 | |
| 7 | |
| 8 | |
| 9 | |
| 10 | |
| 11 | |
| 12 | |
| 13 | |
| 14 | |
| 15 | |
| 16 | |
| 17 | |
| 18 | |
| 19 | |
| 20 | |
| 21 | |
| 22 | |
| 23 | |
| 24 | |
| 25 | |
| 26 | |
| 27 | |
| 28 | |
| 29 | |
| 30 | |